Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 | Kaapstad, 28 Maart 1951 | Prys 3d. | No. 17

# Sprake Dat Monde Gesnoer Word Van Republikeine

**Die neteligste huishoudelike kwessie waarmee die Herenigde Nasionale Party op die oomblik te kampe het, gaan oor die belangrike vraag: moet die Britse konneksie gehandhaaf word of moet dit verbreek word, skryf ons politieke waarnemer. Die botsende standpunte wat in die Party oor hierdie saak gehuldig word, is sedert geruime tyd al besig om die Party op te splits in republikeinsgesinde en Britsgesinde groepe. Dit is vanselfsprekend nie georganiseerde groepe nie: dit is slegs twee gedagteskole wat in die party met mekaar meeding om die opperheerskappy.**

**Dit is verstaanbaar dat die Ossewabrandwag, in sy hoedanigheid as republikeinse volksbeweging, besonder belangstel in hierdie gedagtebotsing binne die H.N.P. Vanselfsprekend verkies die O.B. dat die republikeinse gedagteskool sal seëvier.**

Die eerste minister, dr. D. F. Malan, bygestaan deur mnr. N. C. Havenga en dr. T. E. Dönges glo dat daar geen groter vryheid in 'n toekomstige republiek kan wees as wat daar tans in die Suid-Afrikaanse koninkryk bestaan nie. Hulle meen dat Suid-Afrika „in die gevaarlike wêreld waarin ons vandag leef" nie alleen moet loop nie, maar wel saam met die Britse bondel in die Britse statebond moet stap. Ten einde die gevoelswaarde wat die republiek ongetwyfeld vir baie Afrikaners het, tot 'n mate te bevredig, bepleit dr. Malan die ideaal van 'n skyn-republiek binnekant die Britse statebond waardeur die Britse konneksie behou kan word.

Mnr. J. G. Strydom, H.N.P.-leier in Transvaal, wat bygestaan word deur 'n onbekende aantal ondersteuners, verkondig daarenteen voortdurend die standpunt dat Suid-Afrika se bestemming 'n vrye republiek is en dat dit trouens die beleid van die H.N.P. is.

### PRAKTIESE BELEID

Leiers van die Ossewabrandwag het in die jongste tye herhaaldelik beklemtoon dat die tyd vir vrywording nou ryp is en dat Suid-Afrika derhalwe sonder verwyl omgeskep moet word in 'n republiek. **O.B.-leiers het hulle nie slegs bepaal by die gevoelswaarde van republiekwording nie. Inteendeel. Hulle het met vers en kapittel die praktiese waarde sowel as die dringende noodsaaklikheid van republiekwording aangetoon.**

Gedurende die afgelope jaar het ek van tyd tot tyd die klag van H.N.P.-ondersteuners van mnr. **Strydom verneem** (as ek **dit 'n klag mag noem)** dat hul „man" nie die republikeinse rigting wat hy in die Party verteenwoordig agressief genoeg uitdra nie. Ek weet nie of mnr. Strydom ook die klag gehoor het nie, maar ek het tog opgemerk dat hy in die jongste tyd van elke beskikbare geleentheid gebruik gemaak het om sy republikeinse standpunt te stoot.

### BOTS

Dit is verstaanbaar dat die O.B. hierdie optrede van mnr. Strydom verwelkom het en hom probeer aanmoedig om op sy ingeslane weg voort te gaan. Dit is egter ewe verstaanbaar dat dr. Malan nie hou van mnr. Strydom se republikeinse propaganda nie. Dit bots met die beleid wat hy, as leier van die Party, aangee. Reeds op 24 Februarie het dr. Malan op Stellenbosch 'n bedekte waarskuwing aan mnr. Strydom gerig teen optrede wat hy beskryf het as groepvorming binne die party.

Ek verneem nou dat hierdie huishoudelike botsing sy kop uitgesteek het op die koukusvergaderings van die H.N.P. wat in die afgelope weke plaasgevind het. Volgens my segsman is die saak nie tot 'n punt gedryf nie. Dit is wel na die oppervlakte gebring. **Dr. Malan het, nl. te kenne gegee dat hy verlang dat daar opgehou moet word om republikeinse propaganda te maak van die party se verhoog af. My segsman verklaar dat niemand openlik gerebelleer het teen hierdie „bevel" van die eerste minister nie. Hy is wel uitgevra oor sy standpunt.**

### BERIGTE

As die karige inligting wat ek van my segsman ontvang het juis is dan kom dit my voor asof die politieke korrespondente van sommige Engelse blaaie op die regte spoor is in hulle beriggewing oor wat op die genoemde koukusvergaderings plaasgevind het.

**Dis tog jammer dat die gebeurtenisse wat werklik van belang is in ons volk se politieke lewe altyd agter die skerms plaasvind. Waarom mag lede van die H.N.P., sowel as die hele volk, nie presies weet wat op 'n belangrike politieke party se koukusvergaderings plaasvind nie? Onder die partystelsel is die regeringsparty se koukus tog die werklike regeringsliggaam. Wat daar besluit word, word in die parlement bekragtig. Met geheime koukusvergaderings kry mens geheime regering en geheime bedrywery van politiek. Ek hou nie daarvan nie.**

### LOOP UITEEN

Maar om terug te keer na die Engelse koerante.

Die politieke korrespondent van die Evening Post skryf: „Vir geruime tyd is daar tekens van 'n groeiende botsing tussen die eerste minister en mnr. J. G. Strydom, minister van lande en leier van die Nasionale Party in die Transvaal, hoofsaaklik oor die kwessie van propaganda vir 'n republiek. Die eerste minister wil stadig oor die klippe terwyl mnr. Strydom, ondersteun deur ander ministers, soos

(Vervolg op bls. 6 Kol. 4)

# MAJUBAFEES OP PORT ELIZABETH

**Soos nog iedere jaar, was Majubafees weer in Port Elizabeth op 27 Februarie vanjaar deur die plaaslike kommando's gesamentlik met dié van Uitenhage op die oop terrein van die Aurorasaal, Newton Park, gehou berig ons korrespondent.**

As gevolg van harde reënbuie wat die heeldag uitgesak het, was die bywoning nie na verwagting nie, maar het nogtans niks aan indrukwekkendheid gemis nie.

**Klokslag 9-uur nm. het al die aanwesiges op aandag gekom. Onder 'n hewige stortbui het generaal P. Els na vore getree en die Vryheidsbrandstapel aangesteek. Daarna het al die aanwesiges elkeen 'n stukkie hout op die stapel gewerp as simbool van aanhoudende stryd tot oorwinning!**

Ds. J. J. Fick het met gebed en Skriflesing voorgegaan. Besonder paslik was die voorgelese deel uit Klaagliedere Hoofstuk 5.

Nadat H.-komdt. S. J. Wolmarans die gelofte voorgelees het en verversings verskaf is, is die verrigtinge afgesluit met die sing van ons Volkslied!

# INDRUKWEKKENDE LYS DINGE WAT GEDOEN — EN GELAAT IS

**Beskou ons die wetgewing wat deur die huidige regering deurgevoer is gedurende die afgelope jare, dan bied dit nogal 'n indrukwekkende lys. Reken ons die wette wat waarskynlik vanjaar nog tot stand sal kom daarby in, dan wil dit voorkom asof die regering sy verkiesingsbeloftes nakom en uitvoer. Die appèl na die Geheime Raad is afgeskaf, die Britse Onderdaanskap is afgeskaf, die vakansiedae word herrangskik, ens. Daarby kom nog die sg. apartheidswetgewing soos die bevolkingsregister, verbod op gemengde huwelike, aparte verteenwoordiging vir kleurlinge, ens. Wanneer 'n volledige lys opgestel word, sal dit heeltemal indrukwekkend wees en 'n mens wonder wat daar nog oorbly om te doen.**

Hierdie probleem wat gaan die regerende partye nog verder doen? — word nog meer ingewikkeld as 'n mens let op die dinge wat hulle nie gaan doen nie, volgens verklaring van die Eerste Minister en ander Ministers.

- **Hulle gaan nie die Britse konneksie verbreek nie, maar lidmaatskap van die Statebond handhaaf.**
- **Die goewerneur-generaal gaan nie afgeskaf word nie — moontlik word hy later „President" genoem.**
- **Die senaat gaan nie afgeskaf word nie — dus kan die billike gevolgtrekking gemaak word dat daar ook nie 'n nuttiger liggaam in sy plek gestel sal word nie.**
- **Die Spoorweë sal 'n regeringsdepartement bly en nie in 'n openbare korporasie soos Yskor en Escom omgeskep word nie.**
- Aangesien die goewerneur-generaal moontlik „president" word, sal die „Goewerneur-generaal-in-Rade", moontlik die „President-in-Rade" word. **Dit beteken dat daar geen behoorlike skeiding van die wetgewende en uitvoerende gesag sal plaasvnid nie.** Die ministers sal dus nog maar uitsluitlik uit die geledere van die volksraadslede en senatore benoem word en hulle sal hulle dubbele verteenwoordigende en regerende hoedanighede behou.
- **Verder sal daar nie territoriale aparthede soos deur Sabra en die kerke beoog, tot stand gebring word nie.**

### NEGATIEF

Indien 'n volledige lys gemaak word van die dinge wat die regerende partye nie gaan doen nie, sal dit heeltemal indrukwekkend wees en 'n mens wonder wat daar nog oorbly om te doen. Die negatiewe word hoe langer hoe belangriker — ten koste van die positiewe.

**Deur A. J. van Rooy**

Dit is baie interessant dat volgens koerantberigte, dr. F. J. van Biljon, juis op hierdie tydstip die leiding van die Verenigde Party gaan versterk. Die Verenigde Party se beleid was tot dusver baie maklik te bepaal — dit was maar net telkens antiregeringsbeleid—bloot negatief.

**As ons egter onthou dat dr. Van Biljon vroeër nou verbonde was aan die Sosiale en Ekonomiese Planneraad, kan mens stellig verwag dat die Verenigde Party met heelwat positiefs voor die dag sal kom.**

Wat kan hulle belet om die volgende program aan te bied onder die leuse: „Vooruitgang en Doeltreffendheid"?

Die omskepping van die S.A.S. en H. in 'n openbare korporasie of utiliteitsmaatskappy. Die omskepping van die departement van Poswese in 'n utiliteitsmaatskappy.

Die verandering van die Senaat deur 'n liggaam met belange en beroepsverteenwoordiging — **of minstens die afskaffing van die senaat.**

Die vervanging van die twee hoofstede deur een sentrale hoofstad ens.

Vir die man wat nie om sentimentsredes hierdie of daardie party ondersteun nie, mag dit 'n baie aantreklike program wees.

### NOG EEN DING

Al wat die Verenigde Party dan nog moet doen om sy kanse met die verkiesing rooskleurig te maak, is om 'n verkiesingsbelofte af te lê. **Die tradisionele belofte is natuurlik om nie 'n republiek te stig nie.**

Die Verenigde Party is egter nie 'n republiekeinse party nie en dit is dus nie sy taak om met 'n sodanige belofte te voorskyn te kom nie. **Die waarskynlikste verkiesingsbelofte lê voor die hand, nl. die handhawing van al die apartheidswetgewing van die H.N.P. en A.P. 'n Sodanige verkiesingsbelofte sal heeltemal strook met die allerbeste tradisies van die parlementêre stelsel.**

Waar dit nou baie duidelik word dat die regerende partye meer die nadruk laat lê op die negatiewe, word dit 'n gulde geleentheid vir die Verenigde Party om al hoe meer die positiewe te benadruk tot sy eie voordeel. **Die aanstelling van**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**dr. Van Biljon is die duidelikste bewys dat hierdie party nou die positiewe weg gaan inslaan — en heel moontlik die skanse sal beset wat deur die ander verlaat is.**

# REKORD-BEGROTING

**Die minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, het verlede Woensdag 'n rekordbegroting van £182,043,000 by die volksraad ingedien.**

Mnr. Havenga het verhoogde belastings aangekondig ten aansien van die aksyns op brandewyn, ander spiritualië en wyn; en van die goudmyne, diamantmyne, maatskappye, hereregte en die onedele minerale-bedryf. Die gewone belastingbetaler het verhoogde direkte belasting vrygespring. Die minister het verhoogde duurtetoeslae vir staatsamptenare en pensioene vir pensioentrekkers aangekondig.

Ongeveer een-tiende van die begroting word bestee aan verdediging.

Die minister begroot vir 'n oorskot van £560,000 vir die nuwe diensjaar.

DIE O.B., WOENSDAG, 28 MAART 1951

# UITWISSING VAN AFRIKANERSKAP

Min. J. G. Strydom se verwysing op Malmesbury na die verowering van ons volk as 'n natuurlike dryfveer vir die Afrikaner se vryheidstrewe is verlede week deur die Cape Times in 'n hoofartikel aangegryp om sy beskouing van „Suid-Afrikaanse nasionalisme" omhoog te hou. Die blad neem min. Strydom dit kwalik dat hy die „volke" van die twee gewese republieke vereenselwig met die „Suid-Afrikaanse volk" van vandag, en verklaar.

**„Nòg Suid-Afrika nòg die Suid-Afrikaanse volk is ooit militêr deur Brittanje verower, en deur geen verrekking van die betekenis van die woord kon die volke van die twee republieke wat onder twee regerings geveg het, een volk genoem word nie."**

„Miskien," so besluit die blad „sal Nasionalisme eendag sy oë oopmaak en ontdek dat daar sedert die Suid-Afrikaanse oorlog 'n ware Suid-Afrikaanse volk verrys het wat ver gevorder het van die dae waarin mnr. Strydom en sy geesgenote woon."

Dit sou vir die Britse opvatting van rasse-vrede baie gerieflik gewees het as 'n volk so eensydig deur sy landsgrense bepaal word dat die feit dat die Boere-republieke nie meer bestaan nie, ook meebring dat die volk van daardie republieke sedert hul verowering nie meer bestaan nie. **Maar ongelukkig vir die Cape Times en sy geesgenote is 'n volk nie 'n versameling individue wat na willekeur deur die een of ander omheining „geskep" of „gelikwideer" word nie. Dit is 'n geestelike eenheid wat in sommige gevalle selfs sonder grense kan bestaan, soos die Jode bewys het**

## ONOMSTOOTLIKE FEIT

Oor wat die geestelike bestanddele van 'n volk presies is, kan daar uiteenlopende menings wees, maar oor die feit van die bestaan van so 'n geestelike eenheid val daar nie te redeneer nie — **dit openbaar homself in dade wat die Engelsman van tyd tot tyd in ons land en Europa onaangenaam geskok — maar blykbaar nog nie ontnugter het nie.** Die stryd om selfbehoud van die Afrikaner in die ou Kaapkolonie ten spyte van die feit dat hy 'n „andersoortige" volk as die Afrikaner benoorde die Oranjerivier, weens die Britse vlag wat oor hom gewapper het, sou wees, was 'n manifestasie van hierdie geestelike eenheid wat ons „volk" noem.

Dat daar aanvanklik afsonderlike staatjies in Suid-Afrika tot stand gekom het — hoofsaaklik weens buitelandse inmenging veral ook van Britse kant — kan maar as van verbygaande aard beskou word. **Dat die staatsgrense uiteindelik in die een of ander vorm sou saamgeval het met die lewensgrense van die volk, word nie net deur latere ontwikkelinge bewys nie, maar is reeds deur die ideaalstelling van 'n Paul Kruger in sy woorde „Afrika vir die Afrikaner" in vooruitsig gestel.**

## WIL AFRIKANER UITWIS

Dit is eienaardig — en miskien juis nie — dat die Engelsman, wat hom tot so 'n mate op sy Britse volkskap ongeag landsgrense beroep dat hy in 'n ander land na die gevestigde inwoners as „foreigners" verwys, by uitstek die persoon moet wees wat die waarheid van volkskap in ons land misken. **Maar hierdie verskynsel is niks anders as 'n voortsetting van die ou Britse likwideringsbeleid ten opsigte van die Afrikaner nie.** Toe gewelddadige onderdrukking die Afrikaner se identiteit in die vorige eeu nie kon uitwis nie, is daar begin met 'n proses van geestelike verswelging binne die Britse Empire. Van bekwame Afrikaners is daar bekwame imperialiste gemaak, maar die groot gros van ons volk kon met hierdie slagyster nie gevang word nie, en die Brit moes sy taktiek verander — waartoe hy ook gedwing is deur die feit dat daar in die jongste tyd in toenemende mate deur Suid-Afrika beslag gelê is op Engelssprekendes se gees. **Die proses van verafrikaansing moes onderskep word deur 'n skyn-proses wat die Afrikaner en potensiële Afrikaner op die dwaalspoor sou bring. Daar is toe, naas die eerlike stemme aan Engelssprekende kant, ook ewe skielik deur Britsgesindes begin praat van „Suid-Afrikaanse nasionalisme." Elkeen oor wie se kop die Suid-Afrikaanse son opgaan, sou dan lid wees van die „Suid-Afrikaanse nasie," en diegene wat nog wil voortgaan met 'n afsonderlike Afrikanerskap is dan maar eintlik net lid van 'n onmoontlike „seksie."**

## BRITS

Hierdie „Suid-Afrikanerskap" is so Brits dat, soos blyk uit die Capes Times se woorde self, daar van Brittanje se oorloë teen die gevestigde volk van Suid-Afrika gepraat word as die „Suid-Afrikaanse oorlog" in plaas van die „Engelse oorlog." **Alles word nog benader vanuit Brittanje**

(Vervolg in volgende kol.)

(vervolg van vorige kolom)

**se standpunt en diegene wat nie daarmee akkoord gaan nie, is 'n enggeestige „seksie" wie se oë nog eenmaal dalk sal oopgaan om te besef dat Brittanje nog nooit teen 'n Suid-Afrikaanse volk of teen Suid-Afrika oorlog gemaak het nie!** As hierdie ontdekking eers gedoen is, is dit maar een stap verder om Brittanje met dankbaarheid te huldig as die eintlike skepper met vuur en staal van die Suid-Afrikaanse volk.

Maar haarklowery sal die bestaan van 'n Afrikaanse volk nie uitwis nie, net so min as wat die Britse taktiek om die Afrikanervolk te vervang deur 'n „Suid-Afrikaanse nasie" wat in sy uitkyk Brits of ten minste on-Afrikaans sal wees, ooit sal slaag.

**Nietemin moet daar van Afrikaanse kant gewaak word teen hierdie sluwe set om ons volk te wil wysmaak dat daar nog nooit 'n Suid-Afrikaanse volk bestaan het — en dus geen grief teen Brittanje kan hê nie — maar dat daar nou eers 'n nuwe volk besig is om te ontwikkel waarin die Afrikaner sy identiteit moet oplos. Volkseenheid sal en mag langs hierdie weg nie geskied nie. Ware volkseenheid, waarin die Engelssprekendes van vandag ook moet opgaan, sal eers dan bestaan wanneer die sogenaamde „Suid-Afrikaanse oorlog" van Brittanje deur elke volkslid beskou sal word as 'n Engelse of Britse oorlog" en veroordeel sal word as agressie teen die gevestigde volk van Suid-Afrika — soos die etlike duisende Kaapse rebelle van destyds dit dan ook aanvaar het.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Stadiums van die Britse Politiek*

Voorverlede week het ek geskryf oor die merkwaardige groenboek — 'n Eeu van Onreg — wat deur die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek uitgegee en versprei is op die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog.

Die boek gee 'n opsomming van die stadiums wat die Britse beleid in Suid-Afrika in die negentiende eeu deurgemaak het. Ek gaan die opsomming aanhaal. En dan gaan ek, in alle beskeidenheid, die geskiedenis voltooi tot op datum, deur die stadiums aan te stip wat die Britse beleid in Suid-Afrika in die eerste helfte van die twintigste eeu deurgemaak het.

In „'n Eeu van Onreg" lui dit:

„In die loop van hierdie eeu is daar drie tydperke wat die verhouding van die Britse Regering teenoor ons volk kenmerk."

### *Haat en Veragting Vir Die Boer*

Die eerste tydperk het in 1806 begin en voortgeduur tot in die tweede helfte van hierdie eeu. Gedurende hierdie tydperk is die Britse politiek teenoor ons volk gekenmerk deur 'n eenvoudige veragting. „The stupid and dirty Dutch" was die eenvoudige gedagte wat toe in die Britse gemoed teenoor ons volk geheers het. Maar die huigelagtige aard van die Britse politiek het geweet om die minagting uit te druk in ooreenstemming met die verhewendste idees wat toe in die beskaafde wêreld geheers het. 'n Sentimentele filantropie het toe oor die beskaafde wêreld geheers en is deur die Britse Regering diensbaar gemaak deur die Boere aan die wêreld voor te stel as die onderdrukkers van die arme vredeliewende en vir die godsdiens en beskawing vatbare naturelle, wat tog ook manne en broers was. As dit onverklaarbaar mag voorkom waarom die moondheid wat onder die Traktaat van Utrecht as die onbeskaamde kampvegter van die negerslawerny opgetree het, hom in Suid-Afrika gekenskets het deur 'n mislike liefde vir die naturel, dan is die uitleg dat dit in die laaste geval nie soseer liefde vir die naturel as wel haat en minagting vir die Boer was wat sy politiek onderskei het nie. As gevolg van hierdie haat teenoor die Boer, versteek onder die dekmantel van liefde vir die naturel, is die naturelle as polisie teen ons gebruik, is hulle van vuurwapens en ammunisie teen ons voorsien; aangehits om ons te beveg en ons, waar moontlik uit te moor of te beroof. As gevolg van daardie haat was ons volk verplig om die Kaapkolonie met al wat hom lief en dierbaar was, vaarwel te sê en 'n skuilplek in die onbekende woestyne van die noorde te gaan soek; en as gevolg van dié haat moes ons volk sy martelaarskruistog oor Suid-Afrika voortsit, totdat elke deel van Suid-Afrika rooi geverf sou wees met die bloed, nie soseer van weerbare manne nie, maar van vermoorde vroue en kinders."

### *Pêrels vir Haar Majesteit se Kroon*

„Die tweede tydperk het voortgeduur tot 1881. Gedurende hierdie tydperk was die grondslag van die Britse politiek teenoor ons nie soseer blote haat teenoor die Afrikaner nie; die uitkoms het reeds bewys dat die haat magteloos was om die Afrikaner onder die knie te hou; inteendeel het dit daar oneindig veel toe bygedra dat die Afrikaner hom as die heersende volk oor die hele Suid-Afrika versprei het. In 'n oomblik van moedeloosheid en onnadenkende belangeloosheid het Engeland met die boere traktate (1852, 1854) gesluit waaronder hulle in ongestoorde besit van sekere woeste en skynbaar nuttelose dele van die land gestel was. Die grondslag van die politiek van die tweede tydperk was 'n gevoel van berou oor hierdie misstap en 'n vasberade besluit om die gevolge daarvan uit die weg te ruim. Die woeste en nuttelose dele wat aan die Boere toegeken was, het uiters kosbaar geblyk nadat die Boere dit vir die beskawing gered en oopgestel het; hierdie dele moes toe weer as pêrels in Haar Majesteit se kroon pryk, nieteenstaande die traktate wat met die Boere aangegaan was nie. Dit was die bedekte doel; wat die middele betref, het die ingebore huigelary dit meegebring dat dit gedeeltelik bedek en gedeeltelik openlik was en dat die een soort middele hemelsbreed van die ander verskil het. Die bedekte middel was om, in stryd met die plegtige traktate en beloftes, die Kafferstamme op ongehoorde wyse teen ons te bewapen en hulle aan te hits om ons aan te val. As dit sou slaag, dan kon Engeland tog sy ware doel en middele verberg en openlik voor die dag kom ter bewaring van vrede en orde, en ter handhawing van die beskawing in hierdie wêrelddeel, en dan kon onder die aanvoering van sodanige drogredes die Republieke geannekseer word."

### *Imperialisme Plus Kapitalisme*

„Die derde tydperk van ons geskiedenis word gekenmerk deur die samestelling van die ou en welbekende politiek van bedrog met die nuwe kragte van die kapitalisme wat deur die minerale-rykdomme van die Suid-Afrikaanse Republiek in die lewe geroep is. Sowel ons volks- as ons staatsbestaan word tans bedreig deur 'n ongeëwenaarde komplikasie van magte en kragte. Teen ons is geskaar die getalsterkte, die openbare na bloed en wraak dorstende mening van die Britse Ryk, die kapitaal van die wêreld en al die kragte wat alleen die roofsug en plundergees byeen kan versamel."

Totsover 'n Eeu van onreg.

Die beleid wat die Britte in die negentiende eeu gevolg het verskil van die beleid wat hulle in die twintigste eeu volg. In die negentiende eeu het hulle 'n **buit-politiek** gevolg: in die twintigste eeu volg hulle 'n **b e h o u d**-politiek. Vir die Britte het die negentiende eeu triomfantelik afgesluit met die verowering en verknegting van die hele Afrikanervolk en met die inpalming van die hele Suid-Afrika. Derhalwe volg die Britte in die twintigste eeu heeltemal logies die behoud-politiek — om die buit wat in die negentiende eeu verower is, te behou.

### *Meer Vryheid vir Behoud van Knegskap*

Die grondslag van die Britse behoud-politiek is deur lord Durham gelê. In 1837 het hy in sy verslag aan die Britse regering oor die Kanadese moeilikhede aan die hand gedoen dat die koloniste meer vryheid moet kry om op die wyse hulle welwillendheid te wen. Sedertdien was die Britse koloniale en dominiale beleid om aan die betrokke inwoners die skyn van vryheid te gee sodat hulle nie die werklikheid van Britse bande sou voel nie.

Hierdie beleid kon die Britte eers in die twintigste eeu ten aansien van die hele Suid-Afrika begin toepas — nadat die hele Suid-Afrika pas verower was.

In die negentiende eeu het die Britte hul buit-politiek toegepas met behulp van die Britse soldaat; **in die twintigste eeu pas die Britte hul behoud-politiek toe met behulp van die Britse politieke party.**

Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu het hierdie beleid ook reeds oor drie stadiums in Suid-Afrika ontplooi.

### *Britte Skenk Self-regering*

Die eerste stadium was die selfregering-stadium. Die Britte het eers selfregering aan die vier kolonies in Suid-Afrika gegee en later hierdie kolonies ge-unifiseer tot die selfregerende Unie van Suid-Afrika. Op hierdie wyse het die Britte die welwillendheid van wyle genls. Botha en Smuts gewen en hulle omgebou tot kampvegters vir daardie vorm van Britsisme in Suid-Afrika, wat ten alle koste die Britse konneksie wou handhaaf.

Dit moet onthou word dat in dieselfde mate wat die Britte gewen het, het die Afrikanervolk en die republikeinse ideaal verloor. **Sowel genl. Botha as genl. Smuts het graf toe ge-**

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# STAATSAMP WORD DEUR PARTYE GEBRUIK VIR OORSKOT POLITICI

Die partypolitiek is 'n spel — 'n duur spel — maar dit verskil van alle andere spelle daarin dat die koste nie gedra word deur die spelers self en ook nie deur die toeskouers nie, maar deur die gewone landsburger wat maar moet opdok of hy belang stel daarin of nie.

'n Week of wat gelede het die opposisie die lig laat val op een aspek van hierdie spel, waarvoor die volk betaal — die besoldiging van reserwe-lede van die eerste span. 'n Spreker van die opposisie het naamlik openlik erken dat 'n sekere spoorwegamp van geen nut is nie, maar dat die partye — ook sy eie party — dit gebruik om die oorskot-aanspraakmakers op kabinetsposte teen ministeriële vergoeding daarin op te neem.

Dit gaan oor die Spoorwegkommisie wie se drie lede elk £2,400 per jaar aan salaris ontvang waarby nog kom spesiale vergoeding vir afwesigheid van huis wanneer die parlement nie sit nie, wat op nagenoeg £800 per jaar elk te staan kom en vergoeding tydens parlementsittings wat neerkom op £700 vir die drie saam.

Die posisie is deur mnr. Arthur Barlow, soos opgeteken in Hansard, as volg geskets:

**Mnr. Barlow:** Mnr. die Voorsitter, die agb. Minister weet baie goed na sy lang ondervinding in hierdie Huis en die lang ondervinding van sy onderskeie vader wat op sy plek gesit het toe die Spoorwegraad in die lewe geroep is, dat die Spoorwegraad vandag nie meer die Spoorwegraad van die ou dae is toe ons lede op die Spoorwegraad gehad het soos sir Thomas Price, Jan Rissek en Orr nie. Hulle was onderskeie manne wat die las van die dag gedra het ten opsigte van Spoorwegen ander werk, **en die agb. Minister weet baie goed soos elke ander lid van hierdie Huis weet, dat die Spoorwegraad vandag suiwer en alleen 'n partybeloning is en dat, as die Hoofbestuurder van Spoorweë en sy personeel hul sin kan kry, hulle onmiddellik ontslae sal raak van die vyfde wiel aan die wa.** Enige jare gelede toe mnr. Pirow Minister van Spoorweë was, het ek hom gevra: Wat maak u met hierdie mense op die Spoorwegraad? Hy het gesê: Ek gebruik die en daardie om te sorg vir die melkkanne. Hy het gesê dat as die boere hom lastig val oor die melkkanne, dan stuur hy mnr. so en so na die Vrystaat om vir die melkkanne te sorg. **Dit is vandag 'n partybeloning. Ons weet almal dat dit vandag 'n partybaantjie is.** Vir agb. lede aan die oorkant om hier in die Huis op te staan en te praat oor hierdie manne wat in dieselfde posisie of klas geplaas word as die onderskeie spoorwegmense wat ons het om die Spoorweë te bestuur, sê ek is nie billik teenoor die spoorwegmanne nie en ook nie billik teenoor die land nie. Dit spyt my dat die agb. Minister van Finansies nie nou hier is nie, maar ek wil sê dat ek hierdie ongelukkige drie manne gadegeslaan het wat sir Abe Bailey eenmaal genoem het, „The Three Blind Mice" — hoe hulle gegroei het, en hoe hulle gegryp het en gegryp het. **Eers was hul salarisse £2,000 per jaar. Toe is dit 'n bietjie hoër gemaak. Toe het 'n Australiër na Suid-Afrika gekom. Hy was 'n masjinis. Hy het een van hulle geword en hy het 'n goue pas gekry. Hierdie Huis het aan hom 'n goue pas gegee.**

**'n Agb. Lid:** Wat was sy naam?

### REIS GRATIS ROND

**Mnr. Barlow:** Vergeet op die oomblik sy naam, maar elke spoorwegman sal dit aan u gee. Wel, wat is 'n goue pas werd? 'n Goue pas word gegee aan Ministers en aan Speakers, maar waarom moet dit gegee word aan 'n Spoorwegkommissaris? **'n Goue pas is enorm baie geld werd. Hierdie mense sal almal uitgeskop word as ons aan die bewind kom. Ons sal ons boeties instoot en hulle sal gaan. Dit is die spel. Stoot altyd jou eie boeties in en druk die ander man uit. As hy nie in die Kabinet kan opgeneem word nie, maak hom dan 'n Spoorwegkommissaris.** Kyk na die Spoorwegkommissarisse wat hulle onlangs benoem het. Ek praat nie nou oor die onderskeie gewese amptenaar, dr. Botha nie. Maar kyk na die ander twee. Die party was maar te bly om hulle uit die weg te kry. As ons siek en moeg word vir hulle, stoot hulle dan uit. Die twee wat onlangs benoem is, Haywood en Boltman, sal gou daaruit wees. Wanneer dit gebeur, sal hulle in staat wees om op ons Lugdiens en op ons Spoorweë oor die hele land te reis met hul goue passe. Ek weet nie of hulle toegelaat word om na Engeland te reis nie. Praat van Hoggenheimer! Hier is Hoggenheimer as u dit wil hê. Kyk na wat hierdie mense vandag kry. Hulle kry vandag £3,200 per jaar, wat meer is as wat die Spoorwegminister kry.

**Die Minister van Vervoer:** Hoe kom u daarby?

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**Mnr. Barlow:** Dit kom neer op £3,200 per jaar.

**Die Minister van Vervoer:** Hoe bereken u dit?

**Mnr. Barlow:** Spesiale toekenning £800 per jaar; £700 per jaar; en £2,400 per jaar en £700 verdeel deur drie, maak £3,200 per jaar.

(Mnr. Barlow se rekenkunde is nie te goed nie. Wat hy bedoel is dat elke lid £3,200 (£2,400 plus £800) ontvang plus nog een-derde van £700 parlementêre toelaag — 'n totale bedrag van £3,433 per jaar.—Red.)

**'n Agb. Lid:** Dit is u berekening.

**Mnr. Barlow:** Dit is 'n Spoorwegberekening. Dan kry hulle spesiale waens.

**Mnr. Van den Heever:** U moet liewer mnr. Sullivan vra om u 'n paar lesse te gee.

### PACKARD

**Mnr. Barlow: Hulle kry ook 'n Packard en 'n blanke motorbestuurder en 'n goue pas. Altesaam is dit gelyk aan £4,000 per jaar.** Ek sê dat dit gelyk is aan £4,000 per jaar en ek vra die lede aan die oorkant om dit te betwis. Ek vra my vriende onder die ryk wolboere daar oorkant, of dit nie is wat dit ons kos om iets van daardie aard te hê nie. **Hulle kry 'n Packard, 'n blanke motorbestuurder, 'n chef, 'n spesiale wa en 'n goue pas, en nou gaan hulle 'n addisionele 26/- per dag kry, waarskynlik omdat hulle meer whisky en soda en meer sigare wil hê.** Dit is Hoggenheimer. En intussen word die armes vertrapt. Elke dag lees ek in „Die Burger" verhale wat min of meer as volg lui:—

„Ek is 'n vurige Nasionalis; ek is nog 'n getroue lid van die party, maar toe ek op die Spoorweë gewerk het vir die S.A.P.-regering het ek met oortyd £40 per maand gekry en mnr. Sauer betaal my nou £28 per maand, en my vrou en kinders kom om." Ons lees dit elke dag in „Die Burger." . . .

**Mnr. Barlow:** Ek wil graag weet waarvoor hulle hier is. Daar is nie 'n besigheidsman in die Huis wat hulle nie op die daad sal uitskop nie. Ons sal hulle dadelik uitskop as hulle in ons besigheid moet wees. Mnr. die Voorsitter, ek praat nie persoonlik nie. **Hulle is gawe kêrels, maar in enige besigheid sou hulle onmiddellik afgedank word omdat hulle geen werk het om te doen nie.**

---

# Stadiums van Britse Beleid

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

**gaan sonder dat hulle ooit die republikeinse afskeidingsideaal heraanvaar het.**

### *Soewerein Onafhanklike Koninkryk*

Die tweede stadium was dié van soewereine onafhanklikheid. Tydens die bewind van wyle genl. Hertzog het die Britte toegestem dat die selfregerende Unie van Suid-Afrika omgeskep word tot 'n soewerein onafhanklike koninkryk onder die Britse kroon. Hiermee is die welwillendheid van genl. Hertzog gewen en het hy die kampvegter geword van daardie vorm van Britsisme en het hy hom verset teen die verbreking van die Britse konneksie.

Maar die Britte het nie daarin geslaag om genl. Hertzog te „behou" nie. **Voor sy dood het hy as volbloed republikein herrys en het hy die Britse partystelsel verwerp en die verbreking van die Britse konneksie bepleit.**

### *Selfbeskikkingsreg Binne die Statebond*

Ons beleef tans die derde stadium. Dit is die stadium van selfbeskikkingsreg. Die Britte het, nl. in 1949 toegestem dat Indië (en ook Suid-Afrika) 'n republiek kan word sonder om uit die Britse Statebond te tree; en sonder verwerping van Sy Majesteit as „simbool" van die Statebond; en sonder verbreking van die Britse konneksie. Hiermee het die Engelse die welwillendheid van dr. D. F. Malan gewen en hom die kampvegter gemaak van hierdie nuwe vorm van Britsisme.

Laat ons uit dr. Malan se eie mond nagaan hoe besonder geslaagd verbritsing bewerkstellig word deur die oulike Britse beleid van skenking van groter vryheid terwille van die verkryging van gedienstiger knegskap. Luister na hom (aanhalings uit Hansard) oor die behoud van die Britse konneksie:

„ . . . Maar ek het die vrymoedigheid om te sê dat daardie kant van die Raad en hierdie kant van die Raad, dat alle seksies hier in Suid-Afrika, kom met betrekking tot een saak met mekaar ooreen, en dit is dat as dit vir ons moontlik gemaak word dat daar geen beperkings gelê word op ons vryheid nie, as ons selfbeskikkingsreg nie aangetas word nie, (m.a.w. dat ons selfs 'n Empire-republiek kan word — Sybrand) ons dan in die statebond wil bly."

En voorts: „ . . . Op een punt voel ons nou eens en staan ons bymekaar en dit is dat ons graag by die Statebond onder enige omstandighede wil bly."

### *Sukses van Britse Beleid Bevestig*

Luister hoedat dr. Malan die Britse soeklig op homself gooi: „ . . . Die Statebond is nie 'n organisasie nie — dit is 'n lewende organisme; en 'n lewende organisme kan nie bly lewe as hy nie aanpassingsvermoë na nuwe omstandighede het nie. En die feit dat die Statebond ook nou weer getoon het dat hy nie 'n organisasie is nie, maar 'n organisme het gemaak dat hy kan lewe en bly lewe in die verlede."

En voorts: „ . . . Laat ek dit so uitdruk: As die bande wat bind, losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees."

### *O.B. Moet Britse Beleid Verongeluk*

In 'n Eeu van Onreg is die drie stadiums wat die Britse beleid in die negentiende eeu deurgemaak het, geskets. Die derde stadium het uitgeloop op die volledige militêre verowering van die Afrikanervolk. In voorgaande paragrawe het ek die drie stadiums van Britsisme in die twintigste eeu geskets. Mag ons, soos dr. Malan, aanvaar dat die derde stadium reeds uitgeloop het op die Britse beslaglegging op die Afrikanervolk se gees? Ons mag dit onder geen omstandighede aanvaar nie.

In die Wonderjaar in 1938 is die Ossewabrandwag gebore. Ek glo die beweging is verwerk deur die volk se gebede en die Here se genade. Die beweging is gelouter deur opofferings en verguising. Tog kan ons vyande en ons minagters ons nie die historiese taak ontneem om die twintigste eeuse beleid van die Britte in S.A. te verongeluk en om ons volk na sy bestemming te lei nie.

---

# WES-TRANSVALERS VIER VRYHEIDSDAG

Op 3 Maart het die Wes-Transvalers van Wolmaransstad—Leeuwdoornstad onder leiding van die kommandante, mev. Gerreke, en die veldkornet, mnr. Boonzaaier, op die plaas van mnr. J. Roos vergader om Vryheidsdag te vier.

Die verrigtinge het om 5-uur die middag begin en is ook bygewoon deur die hoofkommandant, mnr. Breedt, van Klerksdorp. Die O.B.-vlag is plegtig gehys, waarna mnr. Boonzaaier die Skriflesing en gebed waargeneem het. Nadat daar verdaag is om geld in te samel, is die vryheidsvuur aangesteek deur 35 fakkeldraers wat aangemarsjeer gekom, in 'n sirkel rondom die houtstapel posisie ingeneem het en toe soos een man op bevel nader getree het.

Meer as honderd mense het die plegtigheid bygewoon onder wie ook etlike van ons partyvriende. Die opbrengs van die aand was £13.—(Ingestuur.)

---

# 4 Boerejeugers Samel £4 In

Marie de Bruyn (10 jaar), Lena Louwrens (12 jaar), Gerrie Oberholzer (11 jaar), die jongste lid van die S.J.'s, en veldkornette R. Oberholzer, almal van Blouboskuil, Vryburg, het die mooi bedrag van £4 ingesamel met Vryheidsdagviering, berig ons korrespondent uit Vryburg.

---

**Skape is vir meer as £14 stuk** op 'n vendusie op Caledon verkoop. Ooie van mnr. Flip Fourie is teen £14. 5s. stuk verkoop en lammers vir £10 stuk.


Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow







Waar u ook mag wees
Kommando
—die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret
GI-3058 AH

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

**3,000 Pragtige opregte, swart Australorp** gewaarborgde kuikens, beskikbaar weekliks. Eerste klas grootmaak vermoë. £6/10/- per honderd. **NASIONALE BROEIERY, Posbus 1128, Bloemfontein.** 31/1/17B

### GEWEERS TE KOOP

1. Lee-Metford (S.M.L.R.) met feitlik nuwe loop deur deskundige gepak en voorsien van bykomstige gaatjiesvisier. Eersteklas toestand. Volkome akkuraat. — £15.

Bostaande geweer is baie goed versorg en opgepas. Almal gelisensieer. Doen dadelik aansoek by: J. A. Smith, Mymer, George.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435




**„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."**

### VERVOERDIENS

***Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met***

**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare** en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179,** Kaapstad. 3/12/11


(Vervolg van kol. 5.)

'n Instituut om die probleem op wetenskaplike grondslag te ondersoek, sal dus in 'n langgevoelde behoefte voorsien.

Die instituut sal hom o.m. op die teel van uitstekende jakkalshonde toelê, waarmee reeds 'n aanvang by Panfontein gemaak is.

Die afdeling Wild- en Visbeskerming gaan ook planne voorlê vir 'n geweldige uitbreiding vir sover dit wildnavorsing by Panfontein betref.

### IN NATAL

'n Voorstel dat die provinsiale raad van Natal 'n opleidingskool vir jakkalsjagters moet instel en ook honde teel wat vir die doel van jakkalsjag gebruik kan word, is verlede week deur mnr. D. J. Potgieter gedoen.


# *Teken in op DIE O.B.!*

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.
- Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.
- Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blankes en veg vir territoriale apartheid.

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou. DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van...............*

*......................vir die eerste..................maande.*

*NAAM*..........................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*......................................

................................................

................................................

................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**


## Spoke Bestaan —Vir Sekere Mense

Mense kan werklik spoke sien, lui 'n artikel in die Britse mediese tydskrif.

Die skrywer, prof. Jean L'Hermittée, van die mediese fakulteit van Parys, wat 'n verskynsel bestudeer het wat filosowe en medici eeue lank reeds aan die raai het — die bevoegdheid van sommige mense om visioene van hulleself te sien — sê dat die nuwe kennis van hierdie mense die geheime van baie psigiese verskynsels verklaar het.

Hy het die verskynsel as „psigiese hallusinasies" beskryf.

Die visioen kom makliker na mense wat in 'n slaperige toestand verkeer, maar hulle maak ook hul verskyning voor mense wat heeltemal wakker is.

Gewoonlik is die visioen baie duidelik, maar nie helder wat kleur betref nie. Sodra die persoon wat dit sien naby kom, trek dit terug of verdwyn dit.

Die beeld is skynbaar baie dun asof dit op 'n doek gewerp word. Soms skyn dit asof dit van 'n jellie-agtige of glasagtige stof gemaak is sodat die pasiënt deur hierdie spookagtige visioen alles om hom kan sien.

Die professor het gesê dat baie ongesteldhede van die sentrale senuweestelsel hierdie hallusinasie voortbring. Aansteeklike siektes soos tifus bring dit ook voort.

## Oorlogswelslae

„Groter gevare staan Brittanje voor die deur as tydens die Slag om Brittanje in 1940," het Winston Churchill in 'n radiotoespraak gesê.

„In 1940 het ons verenigd gestaan; tans is ons verdeeld deur partytwis."

In 1940 het Churchill verkondig dat hy veg om die wêreld veilig te maak.

# *Gewoontes Van Leeus: Roei Nie Veel Wild Uit*

**Interessante gegewens in verband met die dierelewe in die wildtuin word tans ingesamel deur die sekretaris van die Nasionale Parkeraad, mnr. H. S. van Graan, wat 'n vraelys aan veldwagters gestuur het. Antwoorde is reeds ontvang oor verskillende aspekte, soos onder meer oor hoe lank 'n leeu sonder kos klaarkom, hoe dikwels hy vreet en selfs hoe lank dit mensvleis vat om te verteer.**

Die vraelyste is opgestel deur dr. T. G. Nel, die onlangs aangestelde bioloog van die Nasionale Parkeraad en maak deel uit van belangrike werk wat dr. Nel op die oomblik besig is om te doen. Baie interessante gegewens in verband met die dierelewe is reeds sedert dr. Nel se aanstelling ingesamel.

Die betrokke vraelyste wat aan die veldwagters gestuur is, het net betrekking op leeus, en dit blyk dat baie van die veldwagters besonder groot kennis dra van die gewoontes, leefwyse ens., van leeus.

### MENSVLEIS

Betreffende die vraag hoe lank dit neem voordat mensvleis in 'n leeu se maag verteer, was een veldwagter se bevinding dat dit gewoonlik tussen tien en veertien dae neem.

Die betrokke veldwagter het bv. op 17 April 1950 kennis gekry dat 'n naturel 'n dag of wat tevore deur leeus doodgebyt is. 'n Soektog is dadelik na die leeus op tou gesit, en die eerste een van die mensvreters op 19 April doodgeskiet. Die dier — dit was 'n wyfie — was oopgesny, en binne haar pens is vingernaels, bene en stukkies van die naturel se broek en so meer gevind.

Op die 20e van dieselfde maand is nog 'n leeu doodgeskiet. In haar maag is onverteerde vingernaels, hare, stukkies van die naturel se broek, twee knope en 'n stuk van sy kopvel gevind.

### VLEIS IS VLEIS

Daar is bevind dat leeus nie juis voorkeur aan een of ander bok gee nie.

Die volgende bokke word egter in die volgorde soos aangegee, die maklikste in die hande gekry: elande, wildebeeste, sebras, waterbokke en koedoebulle.

Dit blyk dat 'n leeu 'n geweldige hoeveelheid vleis kan verorber. Gevalle is al gesien waar twee leeus saam minstens 300 pd. vleis op een slag verslind. As 'n leeu egter eet, eet hy glo goed en het nie elke paar uur voedsel nodig nie.

Een veldwagter wat 'n paar leeus goed dopgehou het, het bevind dat hulle een nag 'n impala gevang het. Binne drie dae later 'n sebra, en toe het hulle veertien dae lank niks gevang nie.

Hieruit blyk dit natuurlik duidelik dat leeus miskien glad nie soveel wild uitroei as wat algemeen gemeen word nie.

### SNELHEID

Hoe vinnig kan 'n leeu hardloop? Een van die veldwagters se bevinding is dat as die meeste bokke sowat 15 tot 20 tree voorsprong het, dan kan 'n leeu hom maar vergeet. Vir sover dit honde betref, is hy ook vas oortuig daarvan dat as 'n hond goed skrik en hy het 'n redelike voorsprong, dan kan 'n leeu die saak ook maar gewonne gee.

Maar wat van 'n mens? Die betrokke veldwagter is oortuig daarvan dat al is 'n mens se bene ook hoe goed en jy skrik hoe groot, sal jy met die hulp van jou bene alleen nie van die gevaar af weg kom nie.

Daar is egter ook 'n geval bekend waar 'n leeu taamlik tegemoetkomend was. 'n Naturel het op 'n oop vlakte op 'n leeu afgekom. Hy het omgevlieg, 'n ernstige beroep op sy bene gedoen en toe maar die beste van die kaal vlakte gemaak. Die leeu het hom so 'n 20—30 tree agterna gehardloop en toe ewe gedwee omgedraai.

Een van die baie ervare veldwagters se raad is om 'n leeu 'n hoë raakskoot te gee, of om deur die nek te skiet. Dit is glo die veiligste skote.

# Eerste S.A. Motors Aanstaande Jaar

**Die eerste fabriek in Suid-Afrika wat motors van die grond af produseer, sal binnekort op die plaas van wyle mnr. William Pagel in Pretoria-Noord verrys.**

**Met die doel om motorvoertuie en dieselenjins in Suid-Afrika te vervaardig, is die Swisacor-maatskappy onlangs gestig met dr. J. E. Holloway, voormalige Sekretaris van Finansies as voorsitter.**

Die kapitaal, wat van Switserland kom, sal in die vorm van toerusting en kontant wees. Patentregte en tegnici sal die Duitse bydrae vorm. Die gemagtige kapitaal op die oomblik is £250,000, 'n deel waarvan ook Suid-Afrikaanse kapitaal sal wees.

Met die oprigting van die fabriek sal binne 'n week of twee begin word. Die eerste gedeelte sal 'n oppervlakte van 58,000 vierkante voet beslaan, plus 'n verdere 4,400 vierkante voet vir geboue.

Die firma Gutbrod Motoren Bau, wat Duitse motors vervaardig en in Europa welbekend is, stel al hul patente en tegnici tot die beskikking van Swisacor sodat produksie in die Unie nie hoef te berus op proefnemings wat ten koste van die koper sal wees nie.

### SOORTE

Aanvanklik sal die produksieprogram die volgende behels: 'n ligte driekwart-ton afleweringswa met 'n verskeidenheid ontwerpe soos bv. 'n paneelwa en dieselenjinwa van 5 tot 10 perdekrag. Die latere produksie sal insluit 7 en 8 soorte plaasimplemente en 5 soorte motors en ligte aflewerings- en vragwaens wat 32 myl per gelling sal behaal.

Die Gutbrod-motor is 'n produk ongeveer soos die bekende Duitse D.K.W. Dit sal teen ongeveer £350—£400 in die handel gebring word en sal van 20 tot 30 perdekrag ontwikkel. Sy brandstofverbruik sal sowat 45 myl per gelling wees.

### AANSTAANDE JAAR

Die eerste voertuie sal uitsluitlik aanmekaar gesit word van ingevoerde dele, maar teen die einde van vanjaar sal dit moontlik wees om die aantal ingevoerde dele te verminder sodat daar teen daardie tyd wel gepraat sal kan word van voertuie wat werklik in die Unie vervaardig is.

Daar word gehoop dat die eerste afleweringswaens teen Julie aanstaande jaar in die S.A. mark sal wees. Die vervaardiging van Gutbrod-motors, waarvan daar reeds enkele modelle op ons paaie loop, sal op 'n later tydstip aandag geniet.

## *Wil Wetenskap Teen Jakkalse Inroep*

**'n Instituut vir wetenskaplike navorsing in verband met die jakkalsprobleem, sal binnekort by Panfontein gestig word indien 'n aanbeveling van die afdeling Wild- en Visbeskerming deur die Transvaalse Uitvoerende Komitee goedgekeur word.**

Planne wat beoog dat daar ook op baie groter skaal navorsing in verband met wild by Panfontein sal plaasvind, sal ook vir goedkeuring aan die uitvoerende komitee voorgelê word.

Jakkalse is een van die allergrootste probleme waarmee S.A. se skaapboere te kampe het. Bewys hiervan is die feit dat jakkalse in die vyf jaar 1941-'42 tot 1946-'47 nagenoeg 900,000 skape in die Unie gevang het. Die gemiddelde vangs vir die afgelope aantal jare beloop nagenoeg 200,000 per jaar. Gereken teen die pryse wat skape deesdae behaal, berokken jakkalse die Unie se boere dus jaarliks nagenoeg £1 miljoen skade.

(Vervolg in kol 2.)

## Ander Se Menings

# BEGRIP „AFRIKANER" SAL NIE UITSTERF

**„Daar is goedgelowige mense wat eerlik verwag dat die begrip ,Afrikaner' eersdaags sal uitsterwe en dat ons dan net van Suid-Afrikaners sal praat, laat hulle nou Engelssprekend of Afrikaanssprekend w e e s," skryf Die Vaderland.**

Hulle verwag ook so in die stilte dat die twee tale uiteindelik net een taal sal word—hoe, is vir hulle self nog nie duidelik nie, en hulle betreur die feit dat Afrikaanse kinders en Engelse kinders op skool van mekaar geskei word. Hulle beskou dit as blote ,politiek' en meen dat die politici besig is om die twee groepe uit mekaar te hou.

**TWEESTROOMBELEID**

Hierdie naïewe standpunt verloor egter by die dag veld. Dit wil voorkom of die Afrikaner sy kultuur die beste handhaaf as hy sy taal selfstandig kan hou, en die jongste statistiek oor die groei van die Afrikaansmediumskool en die toename van die Afrikaanssprekende leerlinge toon dat die Afrikaner se tradisionele tweestroombeleid gesond en in belang van ware rassegoedgesindheid is. Ons merk egter tot ons verbasing hoe skrywers en joernaliste, wat van Afrikaans niks weet en ook niks wil weet nie, sommer ewe maklik oor 'n ,Suid-Afrikaanse' kultuur skrywe; hulle neem dan ewe doodluiters aan dat hierdie kultuur net sou bestaan uit werke wat in Engels geskrywe is. Dit is nie maar net uitsonderinge nie want waar ons kultuurlewe in die Engelse wêreld voorgestel moet word, is dit nogal 'n houding en standpunt wat dikwels voorkom.

**ONVERDRAAGSAAMHEID**

As daar miskien na Afrikaans verwys word, dan is dit deurgaans op 'n terloopse manier, net of dit deur 'n klompie onontwikkeldes op die platteland gepraat word en eintlik geen ekonomiese of kulturele waarde besit nie. Liewer as om die Afrikaanssprekende se kultuurprestasies in 'n juiste perspektief te stel, word daar deesdae maar die toevlug geneem na die ,African' en dan word by wyse van verregaande verdraaiing aan die buiteland verduidelik hoe die naturel eintlik die enigste ware inheemse kultuur kan voortbring.

Wie al hierdie manewales moet lees, merk maar altyd weer daaragter die ou skim wat die Afrikaner niks wou gun nie en hom tot in Natal vervolg het om dié ook uiteindelik van hom te ontneem. Dit is 'n harde onverdraagsaamheid wat weier om te erken dat die Afrikaner en sy taal enige bestaansreg het; dit is die ou houding wat die Afrikaner nie kan vergewe omdat hy Britse oorheersing in Suid-Afrika gefnuik het nie. Vir gesonde rassesamewerking is dit die gif in die put en dit sal verantwoordelik bly vir skewe voorstellings en verswyging totdat die ware gees van Suid-Afrika hierdie soort mens uiteindelik sal oorweldig.

**SPANDABELHEID IN DIE KABINET**

**Die Cape Times skryf oor die begroting: „Mnr. Havenga het gister 'n kwaai waarskuwing gerig aan die rykes en die wolrykes om nie spandabel te wees nie.**

Maar watter voorbeeld het sy kollegas in die kabinet aan die land gestel? Op 'n tydstip wanneer die staatsdiens 'n te kort aan amptenare het, het dr. Dönges 'n bevolkingsregister geskep wat 'n geweldige groot aantal amptenare en baie geld sal vereis om in te stel en aan die gang te hou; hy het 'n stelsel van groepsgebiede in die lewe geroep wat 'n hele leër van amptenare sal vereis en wat die ophoping in die aktekantore sal vererger; en hy het 'n en landmetergeneraal se kantore sal vererger; en hy het 'n onder-departement van kleurlingsake geskep wat onvermydelik in 'n paar jaar se tyd sal ontwikkel tot 'n volwasse staatsdepartement met sy eie amptenare en omslagtighede. Die departement van vervoer het 'n voorbeeld van besparing gestel deur 'n algemene bestuurder van die spoorweë te dwing om af te tree op die duurste terme wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis bekend is; en boonop gee hy 'n vrygewige sittingstoelaag aan die spoorweg-kommissarisse wat alreeds goed betaal word en baie voorregte geniet. As mnr. Havenga verkies om spandabelheid te veroordeel, laat hy dit in die kabinet veroordeel.

**GROOT VERLIGTING**

**Die Burger skryf: „Mnr Havenga het gister 'n gewilde begroting aan die land voorgelê, gewild vir wat daarin is, maar gewild ook — en miskien veral — vir wat nie daarin is nie.**

Met die een hand het hy verligting gebring vir verdienstelike en geteisterde groepe van pensionarisse, met die ander het hy merkwaardig min meer gevat om vir die ekstra miljoene uitgawe te betaal. Jan Burger — eerlike, en hardwerkende deurslag-burger, het mnr. Havenga hom twee jaar gelede in sy begroting beskryf — het hierdie slag sowat skotvry daarvan afgekom; en Jan Burger verdien dit. Maar dit kan anders gewees het. Jan Burger het gevrees dit sou anders wees, en daarom sal sy verligting en blydskap des te groter wees."

## S.O.E. Aangepor Tot Politiek

**Sen. G. H. Nicholls het die Sons of England verlede week aangemaan om meer bedrywig te word op politieke gebied.**

Hy het 'n vergadering van die vereniging toegespreek in Kaapstad en hulle verwyt vir hul skuheid, gebrek aan belangstelling en hul beleid om nie aan die politiek deel te neem nie.

Dit is opmerklik dat hierdie Verenigde Party-voorman in die Sons of England 'n aanvullende mag in die Engelsman se politieke stryd sien en nie 'n mededinger nie, soos Afrikaanse politici ten opsigte van die Ossewabrandwag doen. Hier is geen klag dat 'n Engelse volksorganisasie hom op die terrein van die politieke partye begeef en daarom vernietig moet word nie. Inteendeel, die Engelse organisasie word aangehits om 'n groter aandeel in die politieke stryd te neem as 'n hulpkrag vir die politieke party.

## Geen Doodstraf: Meer Moorde

Drie maande nadat die doodstraf in Oosteryk afgeskaf is, het die aantal moorde en pogings tot moord dermate toegeneem dat die parlement versoek is om dit weer in te stel. Sedert 1 Januarie was daar 26 moorde, wat beskou word as besonder hoog vir 'n bevolking van 6,000,000.

Aangesien die maksimum straf lewenslank (15 jaar is, het dit reeds gebeur dat 'n misdadiger wat 18 jaar tronkstraf moet uitdien skuld aanvaar het vir 'n drievoudige moord wat iemand anders gepleeg het.

Daar word ook verklaar dat die tronkstraf in Oostenryk so lig is dat dit geen afskrikking is nie. 'n Groot deel van die tyd word op plase deurgebring as plaasarbeiders terwyl veroordeeldes selfs soms naweke toegelaat word om huistoe te gaan.

## Britte Kriewelrig Oor Immigrasie Na Noord-Rhodesië

Uit Londen word berig dat die Britse minister van kolonies, John Dugdale, in die laerhuis bekend gemaak het dat meer as 8,000 Suid-Afrikaanse burgers in minder as drie jaar na Noord-Rhodesië geëmigreer het. Dugdale het vrae beantwoord oor die aantal immigrante wat N.-Rhodesië binnegaan en is ook gevra hoeveel van hierdie immigrante uit Suid-Afrika afkomstig is.

Hy het die volgende syfers verstrek: In 1948 het 5,516 immigrante Noord-Rhodesië binnegegaan waarvan 2,392 Suid-Afrikaanse burgers was. In 1949 was die syfer 6,533 waarvan 3,146 Unie-burgers was en in 1950 was die syfer 5,692 waarvan 3,252 Unie-burgers was. Die syfers vir die eerste drie maande van 1951 is nog nie beskikbaar nie.

Volgens Dugdale word sowat die helfte van die immigrasie uit die Unie deur reïmmigrasie na die Unie toe gekanselleer en sowat 'n kwart van die immigrasie uit Brittanje word ook op hierdie manier gekanselleer.

## Meisies Trou Jonk

Begin meisies op 'n jonger ouderdom trou?

Volgens 'n hofverslag van die Randse voorstad Benoni trou meeste meisies tans op die ouderdom van sewentien, hoewel daar gedurende die jaar 'n paar bruide was wat selfs jonger was — een was maar veertien jaar oud. Die verslag meld verder dat huwelike tussen Afrikaansen Engelssprekendes so seldsaam is dat daar feitlik nie van gepraat kan word nie.

# Aanstaltes Vir 'n Britse Groot Trek

**Tussen 40 en 50 Britse parlementslede is betrokke by 'n verbeeldingryke plan om 'n grootskaalse volksverhuising uit Brittanje na onderbevolkte dele van die Britse Statebond te bewerkstellig. Daar is reeds 'n verhuisingskomitee gestig met brig. Louw (Konserwatief) as voorsitter en eskaderleier Kinghorn (Arbeider) as ondervoorsitter. Die doel is om miljoene mense in gesinne-groepe uit Brittanje te verplaas na statebondslande. Die volksverhuising moet deur die staat gesubsidieer word.**

Die bedreiging van 'n atoombom op Brittanje se geweldige digte bevolkings en nywerhede het dit dringend noodsaaklik gemaak dat die Britse bevolking en nywerhede versprei moet word. Aldus die voorstanders van die verhuising. Hulle verklaar: „Dit is 'n langtermynskema, maar deesdae gebeur dinge baie sneller as in die verlede." Voorts sê hulle: „Gedurende die oorlog was talle van ons gewoon daaraan om oor die wêreld rondgestuur te word. Dit was 'n militêre verrigting. Laat ons daarmee voortgaan."

Die voorstanders van die verhuising glo oënskynlik dat die verspreiding van die Britse bevolking nie alleen in belang van die Britte sal wees nie, maar dat dit boweal die „foreigners" ten goede sal kom. Hulle sê: „Ons glo dat ons leefwyse die regte een is. Maar ons kan nie ons doel en strewe versprei slegs deur 'n groot nywerheidsbevolking in een land te hê nie. Ons moet buite kragtiger word. Ons moet ons bevolking, vernuf en bronne uitdeel."

---

**Brittanje het besluit om sy eie atoombom te bou, volgens 'n** amptelike aankondiging. Die poging sal aangedurf word sonder medewerking van Amerika, en geen proefontploffing sal plaasvind nie.

## MUSKIETE SE SMAAK

**Muskiete gee voorkeur aan rooierige, gesette mense wat in swart geklee is en pas van 'n vinnige uitstappie in die son teruggekeer het, het 'n Kanadese wetenskaplike gesê nadat hy die insekte twee jaar lank bestudeer het.**

Die wetenskaplike se studie, wat geldelike ondersteuning van die regering ontvang het, was gemik op die beskerming van soldate.

Hy het gesê dat muskiete aan enigiets sal byt, selfs aan biljartballe, solank dit maar net reg lyk en ruik, maar hulle gee voorkeur aan warm, klam voorwerpe.

Dit is nie maar net 'n sameloop van omstandighede dat muskiete bloed soek as 'n persoon na 'n vinnige uitstappie op 'n stoep sit nie.

Indien 'n mens hom koel hou, kan 'n muskiet net so goed in 'n tafel of 'n stoel vasbyt. 'n Muskiet sal honderd maal eerder 'n man wat 'n swart hemp aan het, aanval as 'n man met dieselfde bou wat 'n wit hemp aan het.

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

Kotzé
Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

TOESPRAAK
KOMMANDANT-GENERAAL
Wat gelewer is by die opening van die Uniale Laertrek.
Nou verkrygbaar in pamfletvorm teen 1/- per dosyn.
Bestel by:
Posbus 1411, Kaapstad.
Posbus 1059, Pretoria.
Voorraad beperk. Bestel dadelik.

# HOË LEWENSKOSTE OMDAT VOLK NIE EIE BAAS IS

**Mnr. Havenga se begroting wat deur die meeste mense met 'n mate van verligting oor die nie-oplegging van swaarder belastings ontvang is, het een opvallende gebrek. En ongelukkig skep hierdie gebrek 'n gevoel van bedruktheid ten aansien van die begroting omdat juis hierdie gebrek die magteloosheid van die regering en sy minister van finansies illustreer. Die gebrek is daarin geleë dat hoegenaamd geen voorsiening in die begroting gemaak word om die stygende lewenskoste te verminder of selfs vas te pen nie.**

Aangesien die stygende lewenskoste in die praktyk neerkom op 'n voortdurende belastingheffing kon verwag word dat die minister van finansies in sy begrotingsrede maatreëls sou aankondig wat deur die regering getref is of getref gaan word om hierdie euwel te bestry. Daar was te meer rede vir sodanige verwagting as in gedagte gehou word die beloftes wat huidige ministers in hierdie verband gedoen het toe hulle in die opposisie was. Daar is destyds gesê dat die stygende lewenskoste gewys moet word aan die V.P.-regering, wat beskryf is as 'n „keurbende van onbevoegdes". Daar is destyds openlik gesê dat as die opposisie maar net aan bewind geplaas word hulle gou-gou die lewenskoste-probleem onder die knie sal kry. Maar die opposisie van destyds is nou al drie jaar lank die regering. En die begrotingsrede wat gehou word op 'n tydstip, dat handelaars ten aansien van byna elke artikel 'n prysstyging aan hul klandisie moet bekend maak, bevat nie 'n enkele aankondiging oor die vermindering van die lewenskoste nie. Inteendeel bevat dit 'n erkenning van magteloosheid om die probleem van inflasie op te los — van geld wat goedkoper word en van lewenskoste wat duurder word.

### INTERNASIONALE GELDMAG

Die minister van finansies het gesê: **„Ek maak geen aanspraak daarop dat ek in hierdie begroting die oplossing gevind het vir die probleem van inflasie nie. Die probleem het sy oorsprong in internasionale, finansiële en politieke toestande en dit is bykans onmoontlik om daardie toestande te neutraliseer in ons binnelandse huishouding."**

As dit waar is wat die minister van finansies sê dat buitelandse toestande die oplossing van die lewenskoste-probleem onmoontlik maak, dan is dit mos onmoontlik vir 'n V.P.-bewind sowel as vir 'n H.N.P.-bewind om die probleem op te los. Maar dan het die minister van finansies se kollegas mos gejok toe hulle vir die volk vertel het dat dit die onbevoegdheid van die V.P.-bewind was wat hulle verhinder het om die probleem op te los. En dan het manne wat vandag ministers is die lewenskosteprobleem uitgebuit om aan bewind te kom en het hulle gek geskeer met die volk toe hulle oplossing van die probleem belowe het.

### MOET BAAS WEES

Bowendien, as die minister van finansies reg is, en ons neem aan dat hy reg is, dan staan die O.B. nog 'n keer geregverdig voor die volk. **Die O.B. sê dat geen volk waarlik soewerein is, indien hy nie ook baas is in sy ekonomiese huishouding nie. Die O.B. sê dat die stelsel van internasionale kapitalisme die volk se ekonomiese soewereiniteit vernietig. Nou bevestig die minister van finansies dit.**

By meer as een geleentheid het die O.B. reeds gesê dat die lewenskoste-probleem nooit opgelos kan word nie, ten spyte van die padtypolitici se spogen bograatjies voordat die volk nie ekonomiese sowel as politieke seggenskap verkry nie.

**Daarom pleit die O.B., eerstens, vir arbeids- of beroepsverteenwoordiging in die bestuurlike organisasie van die volk; en tweedens, vir 'n ekonomiese huishouding wat op die volk se arbeid en nie op internasionale kapitaal gebaseer sal wees nie.**

# £34,000 In Water Gegooi Weens Partypolitiek

**Mnr. Marshall Clark, voormalige hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, het verlede week sy bedanking as sekretaris-generaal van die tussentydse organisasie vir Suidelike Afrika-vervoer aangekondig. 'n Paar dae later is bekend gemaak dat hy 'n senior betrekking by die Anglo American Corporation aanvaar het. Die betekenis van hierdie aanstelling is dat mnr. Clark 'n private betrekking aanvaar waardeur hy geregtig bly op 'n jaarlikse bedrag van £3,000 wat deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë aan hom betaal word, sonder dat hy enige werk daarvoor doen. Die reg daartoe lê opgesluit in die kontrak wat die regering met hom aangegaan het ten tye van sy uittrede verlede jaar.**

'n Berig in Die Burger lui dat die aanstelling van mnr. Clark by 'n private onderneming geen verskil maak aan die Spoorweë se verpligting teenoor hom soos in die kontrak beliggaam wat by sy uittrede as hoofbestuurder aangegaan is nie. **Die kontrak lui dat daar tot 1960 aan mnr. Clark £3,000 per jaar vergoeding betaal sal word tensy hy sekretaris-generaal van die te stigte vervoer-organisasie vir Suidelike Afrika word of 'n betrekking in diens van die staat aanvaar wat, „volgens sy volstrekte goedvinde vir hom aanneemlik is."**

### ANDER BEDRAE

Benewens hierdie vergoeding moet die Spoorweë ook nog die pensioenvoordele waarop hy by bereiking van die ouderdom van 60 jaar (in 1960) geregtig sou gewees het, betaal, **'n bedrag wat op £396 per jaar te staan kom.**

Aan mnr. Clark is by sy uittrede ook 'n vergoeding van £4,085 ten aansien van ongebruikte verlof uitbetaal asmede 'n pensioen van £2,360.

Indien mnr. Clark tot in 1960 lewe, sal die Spoorweë aan hom 'n totale bedrag van £33,960 betaal sonder dat hy 'n steek werk vir die staat daarvoor verrig het.

### PARTYPOLITIEK

Die uittrede van mnr. Clark het gevolg op 'n ondersoek na oorlogstydse griewe in die Spoorweë deur 'n kommissie wat klagtes van diskriminasie aangehoor het. By sy uittrede het Die Burger geskryf dat mnr. Clark self nie skuld dra vir al die dinge wat daartoe gelei het dat by hom aangedring is om te bedank nie.

**Die beleid van politieke partye om teen ondersteuners of simpatiseerders van hul teenparty te diskrimineer en possies uit te deel aan hul eie simpatiseerders of vermeende simpatiseerders het die land al baie gekos aan menslike talent. Die £33,960 wat die land moet betaal aan mnr. Clark is egter die eerste geval waar die belastingbetalers in harde kontant so kwistig moet opdok om partypolitieke knoeiwerk op te ruim.**

Van opposisiekant is indertyd beweer dat mnr. Clark verklaar het dat hy nie 'n ondersteuner van die Verenigde Party was nie, terwyl mnr. Sturrock na hom verwys het as 'n lewenslange vriend van die Minister van Vervoer, mnr. Paul Sauer.

## Suid-Korea Skoongeveeg

Suid-Korea is byna heeltemal skoongeveeg van kommunistiese troepe. Die magte van die V.V.O. ondervind so-te-sê geen weerstand meer nie. Genl. MacArthur het Saterdag aangekondig dat hy sy troepe bevel gegee het om die 38ste breedtegraad oor te steek indien hulle veiligheid dit nodig maak.

## Pers Likwideer

Die geregtelike bestuur van die Unie-volkspers (wat voorheen Die Suiderstem in Kaapstad uitgegee het en tans Die Landstem) het aanbeveel dat die maatskappy gelikwideer word.

---

Die groot spoorwegstaking wat gedreig het om alle Franse nywerhede lam te lê is Saterdag opgelos nadat die regering toegestem het tot 'n loonsverhoging van 11½ persent in Parys en 15½ persent in die provinsies.

---

**„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.**

# KANKER VERDUBBEL IN 34 JAAR

**Die onstellende feit dat een uit elke agt sterfgevalle onder die blanke bevolking van die Unie aan kanker toegeskryf kan word, het aan die lig gekom uit die statistieke wat op die uitstalling van die Kanker-navorsingsraad van Suid-Afrika op die Randse skou bekend gemaak is.**

Volgens beskikbare syfers wat die raad kon insamel, was die aantal sterfgevalle in 1912 maar 5.8% van die blanke bevolking van die Unie. In 1946 het die persentasie tot 12.5% gestyg.

Die raad is van plan om 'n veldtog om fondse, met £500,000 as mikpunt, binnekort van stapel te stuur. Die geld sal aangewend word vir navorsingsdoeleindes en vir die oprigting van 'n kliniese sentrum waar gevalle in vroeë stadiums behandel sal kan word. Die feit dat kanker genees kan word, mits dit vroegtydig gedoen word, sal benadruk word.

### LEEFWYSE

Op 'n vraag waaraan die toename van gevalle in Suid-Afrika toegeskryf kan word; veral aangesien die mediese wetenskap intussen groot vordering gemaak het, is verklaar dat die hedendaagse lewenswyse van die blanke 'n faktor kan wees wat tot die vermeerdering bydra. Daar is egter maar baie min navorsingswerk in Suid-Afrika op die gebied gedoen en dit is onmoontlik om al die oorsake te bepaal.

Een Suid-Afrikaner wat navorsingswerk doen, het bevind dat kanker in die lewer veral by naturelle aangetref word, en dat dit 'n verskynsel is wat eie aan Suid-Afrika is.

Hierdie ontdekking het wêreldwye belangstelling veroorsaak en bied tans een van die weinige rigtings waarin besliste kankernavorsing gedoen kan word.

Kanker kan enige deel van die menslike liggaam aantas, en die vroegtydige bestryding daarvan kan algehele genesing tot gevolg hê. Die gewoonte wat baie mense het om eers na die sogenaamde kwaksalwers te gaan, moet nie aangemoedig word nie, is verklaar.

# Monde Gesnoer

(Vervolg van bls. 1 kol. 5)

mnre. E. H. Louw en C. R. Swart, weer haastig is.

### TOESPRAAK

Ek verneem dat op Dinsdag (13 Maart) se koukusvergadering het mnr. Strydom vir dr. Malan gevra om sy standpunt te stel oor die Party se republikeinse beleid. Dr. Malan het toegestem en ná die vergadering van die koukus het groepies volksraadslede van die H.N.P. vergader om die toespraak te bespreek en te ontleed. Sover vasgestel kan word is die eerste minister se toespraak nie op die koukusvergadering bespreek nie."

Voordat die volgende koukusvergadering gehou is, het mnr. Strydom alweer 'n republikeinse toespraak op Malmesbury gehou. Na hierdie toespraak is die koukusvergadering gehou waarvan die volgende aanhaling meld:

### SWYE OPGELê?

Die Cape Argus se parlementêre verslaggewer skryf: „Ek verneem dat dr. Malan al vir 'n lang ruk besig is om sy volgelinge oor te haal om nie oor 'n republiek te praat nie, omdat sulke praatjies nie alleen die Engelssprekendes vervreem van die H.N.P. nie, maar ook daartoe bydra om Suid-Afrika te vervreem van die Westerse wêreld . . . . **Sake is gister (20 Maart) tot 'n punt gedryf op 'n kwaai koukusvergadering, waar, so word algemeen aangeneem, dr. Malan meerderheidsteun gekry het vir sy beleid om die republikeinse veldtog op die lange baan te skuif, in die aangesig van 'n dreigende rebellie gelei deur mnre. J. G. Strydom, C. R. Swart, Eric Louw en dr. H. F. Verwoerd."**

Die toekoms sal moet leer in hoeverre die H.N.P.-leiding in die vervolg republikeinse propaganda in die party gaan toelaat en in hoeverre hulle daardie propaganda gaan stom maak.

## *Plant Klein Tandjies Oor*

'n Groep wetenskaplikes van die Columbia-universiteit het daarin geslaag om die tande van een dier op 'n ander oor te plant.

Hulle het katte gebruik en hulle kan nog geen versekering gee dat die tegniek ook op mense gebruik kan word nie.

Dr. Harry Shapiro, assistentprofessor van anatomie, het gesê dat daar nog baie werk verrig sal moet word voordat die proefneming op mense gedoen kan word.

Besondere sorg was glo nodig om die sagte klein tandjies teen besering te beskerm. Die tande wat nog in die ontwikkelingstadium was, is uit die kakebeen van een kat verwyder en in 'n ander kat se kakebeen oorgeplant.

Volgroeide tande is ook van een kakebeen na die ander van dieselfde kat oorgeplant.


## NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071